

Wat(t)ermense?

Mense is fassinerend. Hulle amuseer jou, frustreer jou, of maak jou sommer pleinweg de hoenders in. Seker dië dat ons medemense (wel, dan seker ek ook...) heelwat meer as gereeld die onderwerp van 'n bespreking is. En op 'n stadium – hetsy goed of sleg – vergelyk ons hul selfs met dinge of onderwerpe soos die weer, 'n boek, 'n haas of 'n edelsteen.

Weens die aard van my (natterige) beroep, vergestalt mense vir my in water verwante voorwerpe. Ek kry die (nat) draad sonder veel moeite deurgetrek na my vriende en familie toe. Daar kry ek toe windpomp-bure, kraan-familie en dam-maters. En die verwantskap raak al hoe interessanter.

Eerstens sien ek die windpomp-mense. Hulle is dood-gelukkig (lees ook gelukkig-dood) met hulle wortels stewig op een stukkie grond en geen behoefte om die wêreld te verken óf hul visie te verbreed nie. Die wind is nodig om enigsins reaksie uit hul te kry: die wind van groepsdruk, of 'n klap van aanhitsing tussen die blaaië. Dus meestal afhanklik, in 'n sielododende groef en vol wind. Máár, dit is ook hulle wat na jaaare se kontak verloor nog steeds op dieselfde plek by 'n reünie vir jou wag. Met AL die nuus en die skandes.

Die water-mense wat ek waarskynlik die meeste van ken, is die kraan-mense: betroubaar, stabiel en gerieflik naby. En gewoonlik baie voorstelbaar. Wees egter bedag – jy kry hier en daar tog 'n vergulde Cobra erfstuk. Dan is daar ongelukkig die groep druppende krane: aanhoudend, irriterend en vra gedurig aandag. Maar laat iemand

nou durf waag om aan hulle pype te karring – dan kan jy jou maar regmaak vir 'n *bêkwash!*

Die volgende groep watermense is die rivier-mense. Hulle is seker die mees wispelturigste. Vandag is hulle vol van hulleself en môre is hulle net 'n klein stroompie wat amper onopmerklik tussen sandbanke en wilgers deurvloei. Hulle het egter ook die potensiaal om verwoestende vloedskade aan te rig met selfsugtige dade of kwetsende woorde. Maar kyk mooi, want iewers in 'n rustige stroompie lê vriendskaps-diamante en skitter... En hoe heerlik is dit nie om in daardie blink eien-skappe te lawe nie! Die gevaarlikste van dié spul is die wat ewe rustig vloei en net om die volgende draai donderend teen regaf klipmure afstorm. (Ek sou my Afrikaanse onderwyseres op 'n Maandagoggend dalk hieronder kon klassifiseer.)

Die dammense (nie noodwendig dom of dêm nie...) is nou 'n interessante spul. Hulle is baie prominent en maak seker almal is bewus van hulle teenwoordigheid. Jy kan hulle selfs van hoog bo uit die lug uit sien, en hulle word selfs almal op kaarte aangestip! As daar een ding is waarvan hulle alles weet, dan is dit opgaan. Van skoenbokse vol kysbriefies tot motorhuise vol potensiele noodvoor-raad. Dit is ook die mense wat ek sien as die intro-verte. Hulle laat net selektief 'n bietjie van hulleself uit – net genoeg om die omstanders gelukkig te hou. Maar die dag as daardie damwal bars is daar chaos: al die opgegaarde emosies oorstroom en verswelg alles daaronder. En dan is daar niks oor nie. Net 'n stukke wal. En 'n leë dam.

Heelwat meer opwindend is die grondwater-mense. Misterieus. Nie noodwendig altyd in die kollig en aan die voerpunt van alles nie (maar gee hulle nou net kans...!) Hulle is waarskynlik die

“007’s” van die waterras: ondergronds en geheim-sinnig. En net sodra jy vergeet van hulle bestaan, borrel 'n fontein iewers uit, waar jy dit die minste verwag. Moeilik is hulle wel om te vind, maar as jou stokkie eers op hulle gedraai het, ontdek jy 'n weggesteekte skat wat menige lewe kan beïnvloed. (En dit is die beste water saam met jou whiskey...). Maar so ook kan hulle jou hoofbrekens besorg: net sodra jy dink jy weet waar jy staan met hulle, verdwyn hulle spoorloos en los jou in die stof. En niemand het gesê dit is 'n maklike spul-letjie om mee oor die weg te kom nie. Introvert groep nommer twee!

Maar moenie haastige afleidings maak nie – ek het niks teen ander watermense nie. Daar is beslis river- en dammense in my vriendekring. Selfs 'n windpomp woonstelmaat hier en daar. En dit is juis hierdie variasie wat maak dat ons alles van watervalle tot modderpoele kan beleef. Saam met mense woon en werk wat die winde van verandering hanteer, altyd byderhand is met raad, jou oorspoel met ondersteuning en liefde of ook daar is om saam met jou wal te gooi vir 'n goeie saak.

Miskien is ons almal eintlik 'n waterdruppel, wat deur die loop van ons lewe die hele watersiklus deurgaan. Van 'n gegroefde windpompfase, deur 'n *nagging* kraanfase na 'n “los-my-net-uit” damfase. Om dan geskuur en gevorm te word in die rivierfase en uiteindelik die lewe diep binne onself te voel vloei in die grondwater-fase. (So miskien is ek so klein bietjie bevooroordeel...)

Marlese Nel, Departement Waterwese en Bosbou

